# KOM VOOR SY AANGESIG MET GEJUBEL!
# (Die ooreenkomste tussen Psalm 100 en die boek Openbaring)

| |
|---|
| 1 'n Psalm. By die lofoffer. Juig voor Yahweh, o ganse aarde! |
| 2 Dien Yahweh met blydskap; kom voor sy aangesig (TURN) met gejubel. |
| 3 Erken dat Yahweh Elohiem is: Hy het ons gemaak, en ons is syne, sy volk (POSSESSION) en die skape van sy weide (FEEDING). |
| 4 Gaan sy poorte (OPENING) in met lof, sy voorhowe (SURROUND) met lofgesang; loof Hom, prys sy Naam (HEAVEN). |
| 5 Want Yahweh is goed; sy goedertierenheid (BOW) is tot in ewigheid, en sy trou (TRUST) van geslag tot geslag. |

1. Hoofletter of kleinletter? (2-5) [Afrikaanse Woordelys en Spelreëls – persoonlike voornaamwoorde met hoofletters, besitlike voornaamwoorde met kleinletters]
2. Aangesig of Aangesigte? (2) [Die Hebreeuse woord is in die meervoud, omdat dit na die Almagtige en soewereine Elohiem verwys]
3. En ons is syne of En nie ons nie? (3) [2 verskillende interpretasies – “Was there ever a people who believed that they had made themselves?”]
4. Binne of Buite sy poorte? (4) [vgl. “die vreemdeling in jou poorte” – die plek waar ons voor Hom kan staan en waar sy reëls en sy Woord geld – vs “volgeling” buite die poorte]
5. Net gewoonweg goed of Meer as dit? (5) [beautiful, bountiful, pleasant, precious – Bountiful = liberal and generous in bestowing gifts and favors]

**Die besonderse manier waarop dit wat in Ps 100 <u>aan die Skepper</u> behoort, uitloop op die volheid wat <u>aan die gelowiges</u> sal behoort, volgens die boek Openbaring:**

**AANGESIG** Opb 7:11 En al die boodskappers het rondom die troon en die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan, en hulle het voor die troon op hulle aangesig neergeval en Elohiem aanbid.

**VOLK** Opb 21:3 En ek het 'n groot stem vanuit die troon hoor sê: Kyk, die tabernakel van Elohiem is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en Elohiem self sal by hulle wees as hulle Elohiem.

**WEIDE** Opb 7:17 want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en Elohiem sal alle trane van hulle oë afvee.

**POORTE** Opb 22:14 Geseënd is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.

**VOORHOWE** Opb 19:9 Toe sê hy vir my: Skryf: geseënd is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van Elohiem.

**NAAM** Opb 22:4 En hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees.

**GOEDERTIERENHEID** Opb 21:6 Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet.

**TROU** Opb 19:11 Toe het ek die hemel geopen gesien; en kyk, daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.

Omdat Yahweh dit goed gedink het om sy AANGESIG na ons te draai, het ons deel gekry aan die voorreg om sy EIENDOM en sy kudde te kan wees. As sy kudde, gee Hy vir ons meer as net voeding en WEIDING – ons word uitgenooi na die Bruilofsmaaltyd van sy Seun wat die Lam (met ‘n hoofletter) is. Hierdie Lam het deur sy dood en opstanding die POORTE van die hemel vir ons oopgemaak en ons in die hemelse VOORHOF laat staan waar Hy ons by waterstrome laat wei en die trane van ons oë afvee. Dáár het ons die voorreg om Yahweh van aangesig tot aangesig te sien en die diepste betekenis van sy NAAM, sy GUNS, sy WAARHEID EN TROU te leer ken. Dit maak dat ons Hom sonder ophou wil aanbid – en dit alles te danke aan die Lam wat geslag is, wat waardig is om die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en grootheid en lof te ontvang (Opb 5:12). Ons het alle rede om te jubel voor die aangesig van Yahweh!